

Koalisieregerings kan Suid-Afrika se demokrasie laat herleef

Kira Alberts*

Op Vrydag, 15 September vier mense regoor die wêreld die Internasionale Dag van Demokrasie. Suid-Afrika, wat eens as 'n baken van demokrasie en versoening gevier is, beleef moeilike tye met 'n wonderlike Grondwet, maar 'n wanfunksionele regering. Oor die afgelope 30 jaar het die land voor 'n verskeidenheid van uitdagings te staan gekom wat die wese van die demokrasie uitgekalwe en ons op onstabiele grond gelaat het.

Korrupsie is aan die voorpunt van hierdie kwessies. Die allesdeurdringende korrupsie binne die regering, met die staatskapingskandaal tydens Jacob Zuma se presidentskap as die hoogtepunt, het nie net die publiek se vertroue in politieke instellings uitgekalwe en 'n kultuur van kiesersapatie gekweek nie, maar ook hulpbronne weg van noodsaaklike openbare dienste gekanaliseer, wat armoede en ongelykheid vererger het.

Ekonomiese ongelykheid is 'n groot bedreiging en volgens 'n Wêreldbank-verslag van 2022 geniet Suid-Afrika die twyfelagtige eer as die mees ongelyke land ter wêreld. Hierdie rykdomgaping het mettertyd net groter geword, wat gelei het tot maatskaplike onrus en ontnugtering met die demokratiese stelsel se onvermoë om ekonomiese ongelykhede aan te pak.

Die volgehoue hoë vlakke van werkloosheid en armoede, veral onder die jeug, skets 'n donker prentjie. Met 'n werkloosheidskoers van 32,6% in die tweede kwartaal van 2023 het die regering se onvermoë om werk te skep en armoede te verlig frustrasie oor en ontnugtering met die demokratiese proses aangevuur.

Ons politieke landskap het al hoe meer langs etniese en partylyne verdeel geraak. Hierdie fragmentasie het doeltreffende bestuur belemmer, aangesien partye dikwels hul eie belange bo die nasie se behoeftes prioritiseer. Voorts het die kommerwekkende veiligheidstoestand en die mislukte strafregstelsel burgers kwesbaar vir misdadige elemente gemaak, wat bydra tot die uitdagings wat die nasie in die gesig staar.

In die lig van Suid-Afrika se demokratiese krisis en met die 2024-verkieping wat vinnig nader kom, kan 'n koalisieregering op nasionale vlak moontlik nuwe lewe in ons demokrasie blaas. Dit is waar dat koalisies op plaaslike vlak die afgelope paar jaar met onstabiele te kampe gehad het en baie van hulle uitmekaar geval het. Maar as nuwe wetgewing en regulatoriese raamwerke ingestel en beste internasionale praktyke toegepas sou word, sal die sukses van 'n koalisie op nasionale vlak beslis nie buite ons bereik wees nie. Die vraag is dus: Hoekom sal dit goed vir ons demokrasie wees?

In die eerste plek sal 'n koalisieregering broodnodige aanspreeklikheid binne die regeringstruktuur teweeg bring, wat die nodige wigte en teenwigte moontlik maak. Wanneer van partye vereis word om hul besluite teenoor koalisievennote en hul kiesers te regverdig, neem deursigtigheid en responsiwiteit in die regering natuurlik toe. Deur inspirasie te put uit lande met uitgebreide ervaring in koalisiepolitiek, soos Duitsland en Nederland, sal koalisies ook deur 'n koalisie-ooreenkoms gebind word. Hierdie koalisie-ooreenkoms sal aan die publiek beskikbaar gestel word en 'n bykomende laag van aanspreeklikheid byvoeg.

Die inklusiwiteit inherent aan 'n koalisieregering verseker dat 'n breër verskeidenheid stemme en perspektiewe aan die besluitnemingsproses deelneem. In 'n diverse nasie soos Suid-Afrika is inklusiwiteit noodsaaklik vir die bevordering van eenheid en om die veelvlakkige behoeftes van verskillende gemeenskappe aan te pak. Daarbenewens dien so 'n regering as 'n wig teen die konsentrasie van mag binne 'n enkele party. Dit kan help om korrupsie en magsmisbruik, wat Suid-Afrika die afgelope jare teister, hok te slaan.

Die belangrikste aspek is dalk dat 'n koalisieregering die potensiaal het om 'n verskuiwing in die magsdinamika teweeg te bring. Die regerende ANC, eens 'n simbool van hoop, het die "plakkaatkind" geword van alles wat verkeerd is met Suid-Afrika se demokrasie. Om dié party te onttron is dalk die radikale verandering wat nodig is om ons demokrasie te herbou.

Selfs al sou die ANC deel van 'n koalisieregering bly, in watter rol ook al, sal 'n koalisie waarskynlik 'n broodnodige transformasie in regeringsdinamika inlui en moontlik die herinstelling van aanspreeklikheid teweeg bring, waarna Suid-Afrika lankal smag.

Maar die pad na die vestiging van 'n funksionele koalisieregering sal nie maklik wees nie. 'n Ooreenkoms van hierdie aard sal gegrond moet wees op kommunikasie, konsultasie, konsensus, kompromie en 'n verbintenis tot die demokratiese beginsels waarop post-apartheid-Suid-Afrika gegrond is. Ons politieke leiers sal moet saamstem oor verskeie omstrede kwessies soos minimum drempels vir lidmaatskap van koalisies, hoe die leiers van koalisies bepaal word, die tydrye vir die vorming van koalisies en hoe om mosies van wantroue doeltreffend te hanteer sonder om dienslewering in die gedrang te bring.

Soos ons in die geval van ons Grondwet ervaar het, word goeie wetgewing nie altyd in goeie praktyk omskep nie. As ons dus die pad van 'n koalisieregering bewandel, sal sorgvuldige aandag aan die implementering van ooreengekome raamwerke geskenk moet word – daarsonder sal 'n koalisie nie werk nie.

Uiteindelik het 'n koalisieregering die potensiaal om nuwe lewe in Suid-Afrika se demokrasie te blaas, openbare vertroue te verhoog en die nasie op die pad na 'n blinker en meer regverdige toekoms te plaas. Uitdagings bestaan ongetwyfeld en die gaping tussen die ANC en die opposisie gaan waarskynlik nie voor ons volgende verkiesings verklein nie, maar dit is heel moontlik ons beste kans om ons demokratiese nalatenskap terug te eis.

***Kira Alberts is 'n meestersgraadstudent, 'n navorsingsassistent by die Sentrum vir Navorsing oor Demokrasie (CREDO) aan die Universiteit Stellenbosch en 'n KAS-CREDO-beurshouer.**